

Skriflesing: Openbaring 7: 1 – 17Teks: **Openbaring 7: 3-4a; 9**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 33:10****TYDENS EREDIENS- Ps. 33:6,7; Ps. 32:1,3; Ps. 128:4; Ps. 128:3; Ps. 118:4,14****Openbaring 7: 1 – 17**

Rev 7:1 Daarna het ek vier engele by die vier hoeke van die aarde sien staan. Hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat daar geen wind op die land en op die see en teen enige boom sou waai nie.

Rev 7:2 Ek het ook 'n ander engel van die ooste af sien kom met die seël van die lewende God. Hy het met 'n harde stem geroep na die vier engele aan wie mag gegee is om die land en die see te tref,

Rev 7:3 en het vir hulle gesê: "Moenie die land en die see en die bome tref nie. Ons moet eers die dienaars van ons God op hulle voorkoppe merk met die seël."

Rev 7:4 Ek het die getal gehoor van dié wat gemerk is: daar was honderd vier en veertig duisend. Hulle was uit elke stam van die volk Israel:

Rev 7:5 uit die stam van Juda is daar twaalf duisend gemerk, uit die stam Ruben twaalf duisend, uit die stam Gad twaalf duisend,

Rev 7:6 uit die stam Aser twaalf duisend, uit die stam Naftali twaalf duisend, uit die stam Manasse twaalf duisend,

Rev 7:7 uit die stam Simeon twaalf duisend, uit die stam Levi twaalf duisend, uit die stam Issaskar twaalf duisend,

Rev 7:8 uit die stam Sebulon twaalf duisend, uit die stam Josef twaalf duisend, en uit die stam Benjamin is daar twaalf duisend gemerk.

Rev 7:9 Hierna het ek 'n groot menigte gesien wat niemand kon tel nie. Hulle was van elke nasie, stam, volk en taal en het voor die troon en voor die Lam gestaan. Hulle het wit klere aangehad, en daar was palmtakke in hulle hande.

Rev 7:10 Hulle het hard uitgeroep: "Ons redding kom van ons God, wat op die troon sit, en van die Lam!"

Rev 7:11 Al die engele het rondom die troon, die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan. Hulle het toe voor die troon gekniel met hulle gesigte na die grond toe en het God aanbid

Rev 7:12 en gesê: "Amen! Die lof en die heerlijkheid, die wysheid, die dank en die eer, die mag en die sterkte behoort aan ons God tot in alle ewigheid. Amen!"

Rev 7:13 Een van die ouderlinge vra toe vir my: "Hierdie mense met die wit klere aan, wie is hulle en waar kom hulle vandaan?"

Rev 7:14 "Ek weet nie, Meneer," sê ek vir hom, "maar ú weet." Hy sê toe vir my: "Dit is dié wat uit die groot verdrukking kom. Hulle het hulle klere gewas en dit wit gemaak in die bloed van die Lam.

Rev 7:15 Daarom is hulle voor die troon van God en dien hulle Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal by hulle bly.

Rev 7:16 Hulle sal nie meer honger en nie meer dors kry nie; die son sal hulle nie brand nie en 'n hittegloed ook nie,

Rev 7:17 want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle herder wees en hulle na die fonteine met die water van die lewe lei; en God sal al die tranes van hulle oë afdroog."

Skriflesing: Openbaring 7: 1 – 17Teks: **Openbaring 7: 3-4a; 9**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 33:10****TYDENS EREDIENS- Ps. 33:6,7; Ps. 32:1,3; Ps. 128:4; Ps. 128:3; Ps. 118:4,14**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wie sal staande kan bly, dit is aan die einde van

Openbaring 6 die groot vraag en dit was ook verlede Sondag ons vraag na die sesde seël

oopgebreek is. Die sesde seël se breek dui op die oordeelsdag. Wanneer alles op hierdie aarde

soos ons dit ken tot 'n einde gaan kom. Openbaring 6 eindig met ses groot dinge wat in die

skepping gaan gebeur, die verskriklikste van aardbewings, die son word swart soos 'n harige sak,

die maan word soos bloed, die sterre val uit die lugruim soos vye uit 'n boom as die vyeboom

geskud word, die hele lugruim word soos 'n boekrol opgerol, die berge en eilande word omgedop en uit hulle plekke versit. Die aarde en alles daarmee saam soos dit vandag hier rondom is, is dan eintlik tot niet.

Dan sien Johannes ook verskillende groeperinge van mense, ook ses groepe, die konings van die aarde, die grotes, die rykes, owerstes, ampsdraers, selfs die gewone mens op straat, die wêreld van die markplein stort in duie. Mense vlug na die grotte en berge en is in groot nood. Die berge wat reeds omgedop is hoor die mens smeek dat die mens die berge vra om op hulle te val. Vers 16 eindig met 'n eienaardige menslike versoek as die mens met die berge praat – nie met God nie- *Val op ons en bedek ons vir die oë van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam.* Daar word nie in hierdie laaste uur tot God gebid nie; in hierdie uiterste nood soek die mens nie sy bedekking by Christus nie, maar hoop dat 'n krans of 'n berghang hulle sal bedek, terwyl die berg dan ook reeds omgegooi is soos 'n leë bierblikkie.

Daarom die vraag, ook by die bediening van hierdie doop vandag, *wie sal staande kan bly ...* So eindig hoofstuk 6. Dan is ons vandag by Openbaring 7, en soos die bediening van die doop die bediening van God se versoening en genade in ons lewens beteken is Openbaring 7 ingebed in God se bewarende hand. Daar is mense wat staande sal kan bly, mense wat die verskrikking en oordeel van Openbaring 6 sien kom het, wat saam met die siele aan die voet van die altaar ook wou bly vra- **HOE LANK NOG?!** Mense wat kon bly wag op wat God se tyd en God se beloftes alles insluit, maar dis dieselfde mense wat vandag getroos en versterk Openbaring 7 by hierdie doop saam met ons kan oopmaak.

In Openbaring 7 word die sewende seël nog nie oopgebreek nie. Dis asof daar 'n swaard oor dinge hang. Daar is nog 'n wagtyd, iets van 'n stille afwagting, 'n stilte op aarde want die engele moet selfs die lawaai van die verskriklikste winde terughou. Later sal hierdie aardse stilte ook iets van 'n halfuur stilte in die hemel veroorsaak as ons by Openbaring 8 mag uitkom.

Alles gebeur nie hier eensklaps nie en die mens op aarde is voortdurend in die spervuur. Die einde van die wêreld is ophande en waar pas die mens in, waar pas hierdie gedoopte dogtertjie in as die dag kom dat God sy oordele oor hierdie aarde finaal gaan voltrek. Dis waar ons staan

voordat die sewende seël ook later eers oopgebreek sal word. Die groot troos is dat die mense wat waarlik aan die Here behoort, God sal hulle bewaar. God sal nie toelaat dat sy kerk, hulle wat waarlik kerk kon wees, tot die einde toe verlore sal raak nie.

Ja, dadelik sien ons weer op die voorgrond dat die kerk het die moeilikste van tye en omstandighede moes bly trotseer. Daardie siele aan die voet van die hemelse altaar is mense wat vanweë hulle ware geloof en hulle ware kerk-wees gedood is. Op die einde is hulle nie bewaar van liggaamlike seerkry nie, maar lê die bewaring van die ware kerk baie dieper gesetel.

Sien die bewaring in hoofstuk 7 dat voor die einde aanbreek en die verskriklikste van eindes oor die wêreld losbreek, sien ons die vier engele op die vier hoeke van die aarde en hulle is in staat om die winde wat God oor die aarde gaan stuur vas te hou. Die 2020 vertaling staan hulle het die vier winde van die aarde in bedwang gehou. Besondere bewaring dat hierdie winde wat totale verwoesting kon aanrig is op so 'n besondere wyse vasgehou dat hulle nie eers teen die bome kan aanwaai soos dit waartoe hulle in staat was nie (kyk na vers 1). *Hulle het die vier winde van die aarde in bedwang gehou, sodat daar nie wind op die land of op die see of teen enige boom sou waai nie*, staan in die 2020 vertaling.

Die kerngedagte ons word nog bewaar omdat die laaste dinge nog in bedwang gehou word. Ons kon nog vandag weer 'n babatjie doop. As God nie sy laaste oordeel in bedwang sou kon hou nie, sou hier geen doop kon wees nie! God laat dinge nog hulle gang gaan is ook hoe ons hierna mag kyk. Maar ons moet mooi kyk wat hier staan. Die storms van God se laaste oordeel wat die breking van die sesde seël ingelei het, is reeds aan die gebeur. Die sewende seël se oopbreek is nie ver nie. Die gelowige gedoopte kind van God het al groot moeilikheid en swaarkry moes deur. Selfs hulle lewe vir hulle geloof moes gee, hulle het liggaamlik moes sterwe, die siele by die hemelse altaar is baie, maar in al die swaar, kry die ware gelowige nog staande gebly want die regtige einde word nog in bedwang gehou.

Want die vier engele op die hoeke van die aarde of aan die rondinge van die aarde, hoe ons dit ook al mag noem het 'n vyfde engel met hulle hoor praat. Dit is 'n engel wat van die op[koms van die son, van die ooste gekom het met die seël van die lewende God. En ons lees juis hy het

met 'n harde stem na die vier engele geroep en gesê moet nie die land en die see en selfs die bome tref nie, want daar is nog 'n baie belangrike saak uitstaande. Het u kon hoor wat daardie saak is? Pragtig staan dit- ons moet eers die dienaars van God met 'n seël op hulle voorkoppe merk. Daar is eers die mense, diensknegte van God, wat voor die sewende seël kan breek moet hierdie mense self eers verseël word.

Wat beteken hierdie verseëling nie alles nie? Dis troosryk, dis wat maak dat ons nog kan aanhou, wat kon maak dat 'n kindjie vandag ook nog weer gedoop kon word. As iemand in die Bybelse betekenis van die woord verseël word dan dui dit op beskerming. So lees ons toe Jesus begrawe is, het hulle sy graf verseël met die gedagte niemand mag daar inkom en sy liggaam steel nie. Selfs het wagte ook nog die graf opgepas. In die sin het verseëling duidelik met beskerming te make. 'n Seël het nie net gedui op beskerming nie, maar ook op eiendomsreg.

In Hooglied 8 lees ons van die vrou, van die bruid wat vir haar bruidegom vra- *6 Hou my teen jou soos die seëling op jou bors, soos die seëling aan jou arm.* Hier praat die verseëling van dit wat die intieme tussen man en vrou raak, nabyheid, intimiteit. Om in die Ou Testament iets te verseël het ook te doen gehad met egtheid en suiwerheid. In Jeremia 32 het Jeremia 'n seël op die kontrak waarmee hy grond gekoop het gesit, want beteken die seël in Jeremia die kontrak waarmee ek die grond koop is om te bevestig dat die kontrak eg is.

Al hierdie mooi betekenis wat rondom die verseëling ter sprake kom, is op die doop ook van toepassing. Die sakramente noem ons nie verniet 'n teken en 'n seël wat van God kom nie. God belowe beskerming, God belowe sy nabyheid, God belowe besondere egtheid van sy kant ook in sy verhouding tot hierdie kindjie. Ons kan selfs trinitaries hierna kyk. Die Vader beskerm sy kinders, die Seun het God se kinders met sy bloed gekoop, so het God in Christus eiendomsreg op ons, maar die Heilige Gees wil ook ons in ons harte verseker dat ons regtig kinders van God is. Die Heilige Gees bevestig die egtheid van God se verbond met ons. Die doop sluit dit alles in!

Wonderlik hierdie boodskap van die vyfde engel dat die dienaars van God op hulle voorkoppe gemerk moes word, verseël moes word en dan kom ons wonderbaarlik by 'n naamlys uit van wie is hierdie gemerktes, wie is die verseëlde! Daar gebeur wonderlike wiskunde in die Bybel.

Eers gaan dit om Wie God is. Hy is die drie-enige God, sy getal is drie, maar Hy is altyd met sy skepping in totaliteit besig. Daar is 4 windrigtings, die engele hou die winde op die vier hoeke van die aarde vas. Die getal van sy skepping is duidelik die getal vier. $3 \times 4 = 12$. God se getal word dan op besondere wyse deur sy wese in die getal 12 vasgelê, maar God het ook in die Ou Testament, juis met 12 stamme die Israel van Hom geskep. God se wese staan met die getal 12 in verband maar ook sy werke, Hy wat vir Hom 'n volk gekies het, staan met die 12 in verband. Twaalf stamme. Die 12 maal 12 het gehandel en $12 \times 12 = 144$. So word elke stam genoem maar dan kragtens die volheidsgetal, want alle wiskunde werk met tien syfers. 0 tot 9 is tien syfers. God in sy Drie-eenheid, weereens sy getal is altyd Hy wat die Drie-enige God is laat Hom ken in $10 \times 10 \times 10$ is tog duisend. En wanneer die 144 vermenigvuldig raak met die $10 \times 10 \times 10$ wat die volheid van wiskunde maar ook die volheid van God se getal raak dan is ons by 144 000. Dit gaan eenvoudig om die $12 \times 12 \times 10 \times 10 \times 10 = 144\ 000$. Ryke simboliek wat in die 144 000 van vers 4 afgeteken word, hulle wat die seël aan hulle voorkoppe ontvang het.

Tog gebeur in die noem van die stamme twee ingrypende dinge. Juda word eerste genoem, maar hy was nie oudste nie. Tog was hy die begin van die stam waaruit Jesus Christus gebore sou word. Van hom het Jakob in Gen. 49 o.a. geprofeteer - *10 Die septer sal van Juda nie wyk nie, nòg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees.* Dis die koninklike stam waaruit Dawid sou kom wat op Jesus Christus moes uitloop. Daarom staan hy eerste.

Twee stamme ontbreek. Die stam Dan en die stam Efraim kom nie in Openbaring nie. Hoekom word hulle uitgelaat. Van Dan het Jakob geprofeteer- Gen. 49:17 *17 Laat Dan 'n slang wees op die weg, 'n horingslang op die pad, wat die perd aan die hakske nebyt, sodat sy ruiter agteroorval.* Kortliks Dan se nageslag het die pad heel byster geraak. Die ruiter het agteroorval ... Dit was mense wat hulle geheel en al met hulle afgodery en goddeloosheid en eiewillige godsdiens uit die linie van die 12 stamme losgemaak het (kyk Rigters 18). Hulle is

van hierdie heilige linie afgesny, so ook die stam Efraim. Efraim die voortdurend opstandig rewolusionêre stam (die EFF van hulle tyd) wat juis verantwoordelik was vir die grootste van skeurings in die geskiedenis van Israel (vgl. 1 Kon 12) en dan met afgodery aangehou en aangehou het. God het nie met hulle wou aanhou nie. In die twee stamme se plek kom nou die name van Levi en Josef kom weer in die plek van sy seun Efraim. Levi wat die stam sonder grond was maar nou word hy wel deel van die verseëlde gerek, want ons erfenis is nie in grond vas geskryf nie, maar in die beloftes van God. Josef se naam word eerder weer voor dié van sy seun Efraim opgeskryf dat daar oor die smarte van wat Efraim hierdie heilige linie aangedoen het, stilgebly kan word.

Maar dadelik laat vers 9 ons by die simboliek van getalle verbykyk, want simboliek het ook maar weer sy beperkinge. Vers 9 sien Johannes 'n skare mense wat hy dan sê - *9 Hierna het ek 'n groot menigte gesien wat niemand kon tel nie. Hulle was van elke nasie, stam, volk en taal en het voor die troon en voor die Lam gestaan.* Dis ook almal verseëlde! Van die 144 000 het Johannes aanvanklik net moes hoor (v4), maar nou sien hy (v9). Hy sien 'n menigte mense. Die 12 stamme het hy deur gehoor van kennis geneem, nou gaan dit oor tot sien.

Inderdaad het ons hier te make met 'n verseëling wat moes uitloop op die verheerliking van God wat gehoor en gesien moet word. Dit wat ons doop ook moet wees. Die doop mag nie gaan oor wie ons op die einde is nie, maar God moet verheerlik word. In ons formulier het ons gelees - dat die doop immers 'n seël en ontwyfelbare getuienis is dat ons 'n ewige verbond met God het. Die verseëling deur die doop spel dit verder uit dat hierdeur word ons kinders en erfgename gemaak. God wil ons tot sy eiendom maak, Hy wil ons met alle goeie dinge versorg, Hy wil alle kwaad van ons afweer of tot ons beswil laat dien. Dis die taal van ons doopsformulier.

En die einde van Openbaring 7 spreek ook van bewaring wat bedoel God moet verheerlik word maar in die verheerliking daarin lê weer ons oorwinning. Daardie baie groot skare wat niemand kon tel nie, hulle dra wit klere, daar is palmtakke in hulle hande, hulle stemme klink al harder op- *Heil aan onse God wat op die troon sit en aan die Lam sê die ouer vertaling.* In die 1983-vertaling het ons gelees: *“Ons redding kom van ons God, wat op die troon sit, en van die Lam!”*. Daar is so baie waarin die gelowige en sy kinders reeds in God se oorwinning kan deel en bly

wees. Om voor die Lam te mag staan is reeds oorwinning wat ons geskenk is. Om deel te mag wees van 'n getal wat 'n mens nie kan tel nie is ook iets van hoe groot die oorwinning van God is. Die groot getal kom uit alle volke tale en nasies. Etnisiteit is geen beperking op wie die oorwinnaars is nie! Hulle dra wit klere wat wys hulle is geregverdig voor God, hulle is rein en heilig.

Ook as een van die ouderlinge in vers 13 vir Johannes vra- Hierdie baie baie mense, niemand kan hulle tel nie en is die vraag – wie is hulle en waar kom hulle vandaan? Johannes kon die ouderling se vraag nie antwoord nie, maar daar is 'n antwoord wat spreek van oorwinning as ons hoor – al hierdie baie mense kom uit die groot verdrukking! En hoor die antwoord wat spreek van oorwinning op oorwinning - *Hulle het hulle klere gewas en dit wit gemaak in die bloed van die Lam. 15 Daarom is hulle voor die troon van God en dien hulle Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal by hulle bly. 16 Hulle sal nie meer honger en nie meer dors kry nie; die son sal hulle nie brand nie en 'n hittegloed ook nie, 17 want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle herder wees en hulle na die fontein met die water van die lewe lei; en God sal al die trane van hulle oë afdroog.*”

Dis aangrypend en dit is wat by vandag se doop ook aan vasgegryp mag word. Mag dit ook die oorwinning wees wat vir Leja reeds gegee is. Dis 'n oorwinning wat ook daarin lê dat selfs in die verdrukking moet ons paniekerig wees nie. Die Lam is ons herder, ons het vandag 'n kindjie met 'n bietjie water kon doop, maar dis maar alles tekenend van Hom wat ons na die fontein van die lewe lei en wat die trane wat daar nog in jou en my mag wees sal afdroog.

AMEN